# Resensies


- Scholtz, Leopold. 2003. **Generaal Christiaan de Wet as veldheer.** Pretoria: Protea Boekhuis.
  (*Jackie Grobler*) ........................................................ 155
- Landman, Ruda. 2003. **Weerskante van die lens. Die stories agter die stories van *Carte Blanche*.** Pretoria: LAPA Uitgewers.
  (*Jacques van der Elst*) ................................................ 158
- Dreyer, Danie. 2003. **Lééf jou gemeente regtig?** Wellington: Lux Verbi.BM.
  (*Flip Buys*) ................................................................ 160
- Grové, Shani. 2003. **Leef ligter: hoe om jouself te bemagtig en te word wie jy werklik is.** Pretoria: Litera.
  (*Esmé van Rensburg*) .................................................. 163
- Schoeman, Karel, *red*. 2003. **Early white travellers in the Transgariep 1819-1840.** Pretoria: Protea Book House.
  (*Jacques van der Elst*) ................................................ 165

## Resensies

# Is Christiaan de Wet se roem geregverdig?

**Scholtz, Leopold.** 2003. **Generaal Christiaan de Wet as veldheer.** Pretoria: Protea Boekhuis. 375 p. Prys: R199,95.
ISBN: 1-919825-26-6.

**Resensent:** *Jackie Grobler*
(Departement Historiese en Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria)

Dat Christiaan de Wet een van die mees legendariese figure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis is, sal niemand probeer ontken nie. Digters het sy lof besing en aan hom hulde gebring, liedjieskrywers het sy heldedade gepopulariseer, spotprenttekenaars in Europa het hom veral tydens die Anglo-Boereoorlog tot 'n onoorwinlike ikoon verhef, strate is na hom vernoem en hy het die verpersoonliking van durf en heldemoed geword – nie net in Afrikaneroë nie, want selfs oudpresident Nelson Mandela het in sy outobiografie gemeld dat De Wet vir hom 'n rolmodel as vryheidsvegter was. Was of is hierdie roem geregverdig? Verdien De Wet werklik al die lofbetuigings? Was hy werklik een van die grootste – selfs miskien die heel grootste – Boeregeneraal van die Anglo-Boereoorlog? Dit is die vrae wat in hierdie studie deur Leopold Scholtz ter sprake kom.

Scholtz is 'n knap historikus en kenner van sy onderwerp. 'n Hele reeks boeke en artikels oor aspekte van die Anglo-Boereoorlog het al uit sy pen verskyn, insluitende *Waarom die Boere die oorlog verloor het* (1999). *Generaal Christiaan de Wet as veldheer* was in sy oorspronklike vorm Scholtz se doktorale proefskrif wat hy in 1978 voltooi het. Met die oog op hierdie publikasie het hy die oorspronklike manuskrip verkort en hersien om dit meer leesbaar te maak. Die resultaat is 'n puik stuk werk – die eerste werklik wetenskaplike historiese verslag oor De Wet se aansienlike rol in die

Anglo-Boereoorlog as geheel, gegrond op deeglike navorsing en gevul met helder insigte en gebalanseerde besinnings.

Die maatstaf waaraan die sukses van enige boek gemeet behoort te word, is die outeur se oorspronklike doelwit met die skrywe daarvan. Scholtz verduidelik in sy voorwoord dat sy doelwit in 'n enkele sin saamgevat kan word, naamlik die beantwoording van die vraag: hoedanig was De Wet se waarde as veldheer? Die boek is dan ook nie daarop gemik om 'n uitvoerige verslag aan te bied oor De Wet se algehele betrokkenheid by die Anglo-Boereoorlog nie, maar bestaan uit 'n analise van De Wet se militêre optrede. Vanselfsprekend moes die outeur heelwat besonderhede oor gebeure tydens krygsoperasies en gevegte verskaf ten einde sy analise aan die leser duidelik te maak. Die gevolg is dat die boek meer bereik as wat Scholtz hom ten doel gestel het. Die leser word op 'n knap oorsig van De Wet se algehele betrokkenheid by die volle verloop van die oorlog getrakteer, insluitende De Wet se hartseer tydens en sy traumatiese belewenis van die vredesluiting. 'n Mens moet hierdie boek eintlik saamlees met De Wet se eie herinneringe, *Die stryd tussen Boer en Brit*, wat hy onmiddelik na afloop van die oorlog neergeskryf het. In daardie persoonlike verslag kry 'n mens die rare en kosbare geleentheid om intiem te belewe hoe een van die voorste Boere-aanvoerders self te midde van die destydse gebeure oor sy rol in die oorlog gevoel het. Scholtz se boek bied aan die leser 'n nugter en wetenskaplike beskrywing van die gebeure wat De Wet beleef het. Scholtz het natuurlik die voordeel bo De Wet gehad dat hy met die oog op sy verslag uit die totaliteit van bronne oor die oorlog – ook van Britse kant – kon put om 'n arendsblik terug oor die tyd heen oor die gebeure te kon werp.

Maar hoe gebalanseerd is Scholtz in sy ontleding en beskrywing? Geen historikus kan hom totaal van sy onderwerp "los" maak nie. Ook is geen geskiedskrywing absoluut objektief nie, want elke skrywer het sy eie lewens- en wêreldbeskouing – Scholtz ook. Alhoewel hy deurentyd empatie teenoor De Wet openbaar en simpatiek staan teenoor sy tekortkominge, trap hy ongetwyfeld nie in die slagyster om De Wet as 'n onfeilbare supermens voor te stel nie. Hy is altoos bereid om kritiek uit te spreek waar sy ontledings daarop dui dat De Wet gefouteer het of miskien tekortgeskiet het. De Wet bly in hierdie boek 'n gewone sterfling, wat soms oordeelsfoute maak en soms deur sy eie vooroordele en ideale verblind word. Scholtz beskryf De Wet as 'n relatief ongekompliseerde mens, wie se optrede deur sy oortuigings bepaal is. De Wet se enkele oorheersende oortuiging was dat geen vrede wat nie die Republieke se onafhanklikheid sou waarborg, aanvaarbaar was nie.

Dit is waarom Scholtz tereg kan opmerk (p. 324) dat De Wet se grootste oorwinning waarskynlik sy oorwinning oor homself was toe hy op 31 Mei 1902 onder druk van ander Boereleiers geswig het om wel die Britse vredesvoorwaardes te aanvaar en die verdrag wat die einde van die Republieke beteken het, onderteken het.

Een van die hoogtepunte in *Generaal Christiaan de Wet as veldheer,* is Scholtz se ontleding van De Wet as taktikus op p. 333-337. Hy gebruik ’n tabel waarin hy De Wet se optrede in 22 gevegte beoordeel aan die hand van ses vereistes, naamlik verrassing, konsentrasie, beheer, eenvoudigheid, snelheid en inisiatief. In elke geval toets hy of De Wet heeltemal, gedeeltelik of geensins aan die vereistes voldoen het. Sy bevinding is dat De Wet besonder goed geslaag het ten opsigte van die vereistes van konsentrasie en eenvoudigheid, maar minder suksesvol was in die bereiking van verrassing en inisiatief. Dan vergelyk hy De Wet, sover moontlik, met ander groot veldhere in die verlede, soos Alexander die Grote, Frederik die Grote, Genghis Khan, Napoleon, Rommel en Guderian, maar wys hy ook daarop dat De Wet se omstandighede so uniek was dat die vergelykings niks meer as interessantsheidswaarde het nie. Dit is egter juis Scholtz se wye kennis oor die krygsgeskiedenis buite Suid-Afrika, benewens sy besondere kennis oor De Wet, wat sy ontledings so waardevol maak. Sy plasing van De Wet in ’n internasional konteks voeg groot waarde toe tot hierdie reeds waardevolle verslag.

Ongelukkig is daar tegniese swakhede in die boek. Enkele spelfoute kom voor, byvoorbeeld op p. 154 (probber), maar dit is verskoonbaar in ’n manuskrip van hierdie omvang. Wat wel onaanvaarbaar is, is die herhaling bo-aan p. 151 van twee sinne wat onderaan p. 150 verskyn en die weglating van teks onderaan p. 151. Op p. 321 is daar ’n weglating wat waarskynlik bloot ’n skryffout is, maar ongelukkig is dit van ’n ernstige aard. Scholtz skryf naamlik oor die vredesonderhandelinge in die tweede helfte van Mei 1902: “Uiteindelik is ’n kommissie bestaande uit De Wet, Botha, De la Rey en Hertzog benoem om verder met die Britse owerheid in Pretoria te onderhandel.” Smuts was natuurlik ook ’n lid van hierdie kommissie en het inderdaad ’n leidende aandeel in die werksaamhede daarvan gespeel.

Scholtz se finale gevolgtrekking in die laaste paragraaf van die boek op p. 351 is opvallend en uitdagend. Hy begin deur te verklaar dat dit verkeerd sal wees om De Wet met die ander voorste Boeregeneraals te vergelyk, maar gee dan tog voor dat hy hom as die grootste Boeregeneraal beskou. Groot was De Wet, ongetwyfeld, en

as taktikus onvergelykbaar, maar of hy as afgeronde veldheer met Louis Botha of Koos de la Rey vergelykbaar is, is te betwyfel. Hierdie opmerking ten spyt, kan daar nie veel fout gevind word met Scholtz se *Generaal Christiaan de Wet as veldheer* nie. Dit is ’n uitmuntende boek, wat deur alle belangstellendes in die Anglo-Boereoorlog gelees behoort te word. Dit berus op uitstekende navorsing, soos die lywige bronnelys aan die einde van die boek bevestig. Meer as dit – dit is ’n boek wat ’n mens laat dink, wat ’n mens nuwe insig gee en wat reg laat geskied aan een van die bekwaamste militêre aanvoerders wat Suid-Afrika ooit opgelewer het. Na die lees van hierdie boek kan ’n mens verstaan waarom De Wet sulke heldeverering verkry het en waarom hy, van al die Boere, die verpersoonliking geword het van die vryheidsdrang en deursettingsvermoë van die bittereinders van die Anglo-Boereoorlog. Geen historikus van daardie oorlog kan dit bekostig om nie hierdie boek te bestudeer nie. Dit was ’n voorreg om dit te resenseer.

# Stories wat lense nie kan “skets” nie

**Landman, Ruda.** 2003. **Weerskante van die lens. Die stories agter die stories van *Carte Blanche*.** Pretoria: LAPA Uitgewers. 172 p. Prys: R89,95. ISBN: 0 7993 3131 7.

**Resensent:** *Jacques van der Elst*
(Hoof: Internasionale Kantoor, Potchefstroomkampus, Noordwes-Unkiversiteit)

Min mense besef wat alles moet gebeur en wat gebeur het wanneer ’n televisieprogram in sy geredigeerde vorm op die skerm in hulle sitkamer verskyn. Ruda Landman vertel die verhaal van daardie gebeure in ’n aantal essays wat in hierdie bundel opgeneem is. Sy is saam met Derek Watts ’n aanbieder van die nou al baie bekende en onthullende aktualiteitsprogram *Carte Blanche* wat elke Sondag-aand op M-Net aangebied word.

Ruda Landman het in 1983 met haar eerste televisiewerk begin, maar haar eerste werklike “werk” het in 1983 begin met haar betrokkenheid by die aanbieding van die daaglikse aktualiteits-program *Netwerk* – in daardie tyd toe Suid-Afrika aan die roer en kook was en politieke onrus en geweld aan die orde van die dag

was. Sy moes haar werk verrig in ’n klimaat waarin die net van sensuur al stywer begin span het. Mense soos Desmond Tutu, Alan Boesak en Beyers Naudé was op die swartlys en Suid-Afrikaners sou in daardie tyd nie oor die SAUK-senders kon hoor wat húlle te sê gehad het nie.

Die regering van daardie tyd het moontlik nog nie self besef hoe ernstige toestande was nie en, sê die skryfster, sy moes regstreekse onderhoude voer met grootkoppe van die staat en samelewing waartydens sy vrae moes vra wat hulle nie wou hoor nie. Sy het aangedring op antwoorde wat hulle nie wou gee nie. So was daar “duiselig-opwindende minute met Gerrit Viljoen, toe Minister van Opvoeding, oor die skoolsituasie. Hy het nie geweet wat hom getref het nie. Ek ook nie” (p. 9).

Na 1990 het ander sake aan die orde gekom – onder andere die probleem van grondhervorming. ’n Besondere geval was dié van die Tsitsikammagrond waar nie net die oorspronklike grondbesitters nie, maar ook die “jong wit boere” wat in besit gestel is van die grond en wat van klein lappies aarde modelplase gemaak het, aan die woord gestel is.

Beeldmateriaal is ontoereikend om die verhaal te vertel van die twee homoseksuale mans wat ’n swart vigsbaba wou aanneem of van die twee jong vroue wat hul pleegpa aangekla het, omdat hy hulle in hul kinderjare misbruik het.

Sy vertel dat die gesprekke met dié soort mense vir haar terapeuties was – nie net vir haar nie – maar ook vir die mense self. Op haar eie wyse kon sy ook bydra tot die genesing van geskende mense wat in gesprekke met haar vir die eerste keer “oopgemaak” het. Daar is onthullende en ontstellende verhale oor vigswesies, oor Pagad en oor mense wat “bossies” geraak het nadat Suid-Afrika se grensoorloë al lankal iets van die verlede was.

“Afrika is nie ’n maklike moeder om lief te hê nie”, is die skryfster se versugting na baie ervarings op reise deur Afrika. Die stories agter haar sendings in Afrika onthul ook die korrupsie waarvan sy en haar span deel geword het. So was dit noodsaaklik om ’n vyftigdollarnoot iewers in te skuif sodat ’n klaar bespreekte vliegtuigsitplek, wat skielik nie meer beskikbaar was nie, weer beskikbaar kon word.

Maar ook die lelike gesig van bedrog en korrupsie in die eie land kry aandag en weer vertel sy stories wat lense nie kan “skets” nie. Dit geld veral “haar histeriese lagbuie”, haar “woede” en “donker wanhoop” oor uitgeslape konkelaars. “Hoe gaan ons ooit ontslae

raak van korrupsie as gewone middelklas-professionele mense hul besighede op dié manier bedryf? Hoe kan ons enigiemand vertrou? Hoe gaan ons ’n trotse nasie met ’n sin vir eiewaarde en selfstandigheid bou?” is haar diep deurvoelde versugting.

Met ewe veel meegevoel vertel sy van die “weg-van-lens-gebeure” rondom die verwaarlosing en mishandeling van ou mense. Sy eindig die essay met die woorde van ’n gebed nadat sy van al die smart rondom haar verneem het: “Mag jou Here met jou wees … en met almal van ons” (p. 131).

So word *Weerskante van die lens* uiteindelik ’n indiwiduele deernisvolle blik op gebeurtenisse wat ons land ruk, ook dinge soos kindermishandeling en kinderprostitusie, die verhale van verworpenes en verskoppelinge. In haar eie woorde:

> Waar televisie in sy aard ’n groepspoging is, het ek die vryheid gehad om my eie sienings en gedagtes neer te pen. Die resultaat is ’n uiters persoonlike verslag van meer as ’n dekade se groei en ontwikkeling te midde van die storms en vrolikheid van hierdie onvoorspelbare, fassinerende land.

# Missionêre teologie moet beklemtoon word

**Dreyer, Danie.** 2003. **Lééf jou gemeente regtig?**
Wellington: Lux Verbi.BM. 103 p. Prys: R52,95. ISBN: 0-7963-0122-0.

**Resensent:** *Flip Buys*
(Mukhanyo Theological College, KwaMhlanga)

Hierdie publikasie is in die vorm van ’n populêr-wetenskaplike, dog indringende besinning wat predikante en kritiese lidmate in staat stel om in die lig van die Skrif krities na te dink oor die kerk. Die kernvraag waarop die skrywer fokus, is hoe effektief die plaaslike gemeente midde in die postmoderne en digitale konteks van ons tyd die evangelie behoort te bedien sodat die kerk werklik missionêre kerk kan wees.

In die eerste hoofstuk gee die skrywer sy teologiese uitgangspunte. Hy redeneer dat die kerk ’n inherente getuienis- of missionêre aard

moet hê. Alles wat die kerk doen, het per definisie 'n getuienis- of missionêre aard of dimensie. Hoewel kerke teoreties erken dat die primêre taak van die gemeente is om sy lidmate toe te rus om getuies vir Christus te wees, gebeur dit dikwels nie in die praktyk nie.

Institusionalisme – ook in die kerk – word sigbaar wanneer die organisasie as middel die doel op sigself geword het. Dit word vererger wanneer die organisasie sy buigsaamheid verloor en die kommunikasie verstrengel raak in administratiewe rompslomp. Dan slaag die kerk nie om werklik missionêre kerk te wees nie.

In tye van verandering mag geestelike leiers nie op die geluk en bevrediging van mense fokus nie, maar behoort mense begelei te word om kultuurverskeidenheid te waardeer en binne die gemeente te akkommodeer.

Wanneer die kerk ingesluk word deur moderne afgode, word dit sinkretisties en verloor sy getuieniskarakter. Moderne afgode is veral rasionalisme, ekonomiese liberalisme, individualisme en organisatoriese professionalisering. Die kerk moet stry om *in* die wêreld maar nie *van* die wêreld wees nie.

In Hoofstuk 2 word die ontwikkeling van die filosofiese denkklimaat of paradigmas waarbinne die kerk vandag leef, kortliks beskryf. Omdat die Westerse konteks so radikaal gesekulariseerd geraak het en die hoofstroomkerke in die Weste so baie lidmate verloor, word kerke gedwing om meer missionêr te wees as enkele dekades gelede.

Die digitale tyd waarin ons vandag leef, lei daartoe dat alles nie-relasioneel bedryf word. Die uitdaging vir die kerk is om in die lig van die mens se skeppingsopdrag, in hierdie tyd 'n effektiewe missionêre strategie te ontwikkel. Voorheen het 'n Christelike samelewingsetos indiwidue se private waardes bepaal en versterk. Met die verval van 'n Christelike samelewingsetos het die betekenis van die Skrif ook vir baie mense verval en hulle in 'n morele vakuum gelaat.

Vir 'n missionêre kerk is dit fataal om aanbidding te beplan rondom die behoeftes van mense wat die Here nie werklik ken en liefhet nie. Die liturgie moet die fokus op God laat val, nie op die prediker of lidmate nie. Die prediking, liturgie en sang moet die mens rig op God, op sy heiligheid en sy liefde. Erediensleiers is nie akteurs nie, maar gebruik hulle gawes om die gemeente te begelei om God te aanbid. Die betekenis van die kerk as geloofsgemeenskap word

konkreet waar mense God se teenwoordigheid ervaar en dit ’n verskil maak in hulle verhouding met God en in hulle optrede teenoor mekaar.

Die kerk verloor sy getuieniskrag as Christene hulle onderskeidende lewenswyse in die wêreld prysgee. Die bepalende kragte wat die persoonlike lewe van die meeste Christene vorm, is vandag dikwels sekulêr. Dan word die kerk ’n spieël van die gesekulariseerde samelewing in sy standpunte oor sosiale en politieke sake, oor morele en etiese kwessies.

Predikante moet ’n missionêre teologie, ’n selfverloënende dienende styl en blywende geestelike groei modelleer om gemeentes te lei om werklik missionêre gemeentes te kan wees.

Dit is elke geestelike leier se plig om in hierdie uitdagende tyd van missionêre bediening self verantwoordelike stappe te neem om die gehalte van sy/haar persoonlike lewe en bediening te verhoog. As die leraar dit nie doen nie, betaal sy/haar familie, die gemeente en hy/sy self die prys.

Die skrywer sluit die publikasie af deur indringende kritiese vrae te vra oor die inhoud en styl van predikantsopleiding. Dit is nie vir die opleiding maklik om op die voorpunt van verandering te wees nie, omdat geïnstitueerde instansies soos die universiteit en die kerk traag is om te verander. Wat dit nog moeiliker maak, is dat teologiese opleiding aan universiteite dikwels finansieel deur die kerk en universiteit ondersteun word. Teologiese opleidingsinstansies wat studente oplei vir ’n bediening wat nie meer bestaan nie, versaak nie alleen hulle verantwoordelikheid teenoor die kerk nie, maar doen ook die student ’n geweldige onreg aan. Sodanige teologiese opleiding is ’n luukse en het nie ’n langtermyntoekoms nie.

Die skrywer slaag myns insiens daarin om kardinale vrae aan die orde te stel en eerlike lesers sal beslis daardeur tot nadenke gestimuleer word. Hopelik lei hierdie publikasie tot veel dieper en breër besinning.

# 'n Populêre "selfhelp"-boek

**Grové, Shani.** 2003. **Leef ligter: hoe om jouself te bemagtig en te word wie jy werklik is.** Pretoria: Litera.
212 p. Prys: Onbekend. ISBN: 0 9584626 2 3.

**Resensent:** *Esmé van Rensburg*
(Skool vir Psigososiale Gedragswetenskappe, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Met die lees van *Leef ligter* sal die leser van die staanspoor af moet besluit of hy die boek gaan bestudeer as 'n wetenskaplike werk, of vanuit die oogpunt van populariteit. Op grond van die inleiding (*hoe om die boek te lees*) blyk dit egter duidelik dat Grové se intensie is om 'n lekkerlees-"selfhelpboek" te skryf en dat dit nie gelees moet word as 'n wetenskaplike werk nie. As wetenskaplike werk sou daar dan ook ernstige kritiek teen die boek uitgespreek kon word, omdat Grové soms wetenskaplik ietwat onverantwoordbaar te werk gaan. So maak sy soms veralgemenende stellings wat nie noodwendig wetenskaplik korrek of bewysbaar is nie. Voorbeelde hiervan is in die bespreking van verskille tussen die man en die vrou (p. 13-16), of stellings soos dat wanneer verwagtende vroue hormoonbehandeling ontvang, die dogter 'n sogenaamde "sterker persoonlikheid" sal hê en selfs meer geneig sal wees om 'n beroep te kies wat tradisioneel as manlike beroepe beskou word" (p. 16). Stellings soos hierdie sal vanuit 'n psigologiese hoek sterk gekritiseer kan word as veralgemenend en onwetenskaplik. Talle voorbeelde van sulke veralgemenende stellings kan uitgewys word.

Wanneer die boek egter gelees word as 'n populêre selfhelpgids – sonder om die wetenskaplikheid daarvan te beoordeel – sal Grové wel daarin slaag om sommige lesers te boei. Waar die boek aanvanklik 'n stadige, ietwat vervelige aanloop het wat waarskynlik die gemiddelde leser sal vermoei deur die uiteensetting van die brein en breinfunksionering, slaag die outeur daarin om vanaf Hoofstuk 5 ("Gaan weg, pyn!) sinvolle wenke aan te bied oor hoe lesers hul eie emosionele pyn kan hanteer. Sy beskryf emosionele pyn as "die grinterige rots in die binneste". Die meeste lesers sal kan identifiseer met haar beredenering van wat emosionele pyn is, asook wat foutiewe meganismes is om dit te hanteer. Sy gee waardevolle wenke hoe om emosionele pyn op 'n meer sinvolle wyse te konfronteer en te hanteer. So ook slaag sy daarin om vrees op 'n konkrete wyse te versinnebeeld en riglyne en wenke te verskaf

oor hoe om vrees te oorkom en te hanteer. Sy bespreek in verdere hoofstukke aspekte soos gesonde selfliefde, breinprogrammering vir volgehoue gewigsverlies, hoe om die dood van ’n geliefde te verwerk en ook die rol van meditasie. In die boek is interessante brokkies (wat in ’n blokkie aangebied word) waardeur sekere aspekte beklemtoon of verduidelik word. Alhoewel sommige van die oefeninge en tegnieke baie sinvol is, is sommige daarvan wel kunsmatig en mag dit selfs vir sommige lesers as vreemd of onuitvoerbaar voorkom. Lesers wat ’n meer kognitiewe oriëntasie ten opsigte van probleemoplossing het, sal dus moeilik kan identifiseer met sommige van die oefeninge. Aan die ander kant mag lesers wat meer gevoelsmatig is en oor ’n ryk fantasielewe beskik, baat vind by die oefeninge. ’n Positiewe punt is dat Grové nie voorgee dat hierdie boek by alle lesers sal aanklank vind of alle probleme sal oplos nie. Daarom is die inleiding waarin sy duidelik aantoon dat die leser moet kies wat hy uit die boek wil aanvaar en wat hy wil verwerp, baie sinvol. Sy stel dit: “Dit is *my waarheid* en as jy die boek lees, kan jy self besluit watter aspekte aanklank vind by *jou waarheid*” (p. xii).

Grové is nie skaam om ’n Christelike perspektief na vore te laat kom nie, maar daarmee sluit sy nie ander geloofsoriëntasies uit nie. Sy toon bloot die waarde daarvan in haar lewe aan.

Die boek kan gesien word as “verrykend” van aard – dus vir persone wat hulself wil ontwikkel en reeds oor ’n groot mate van selfinsig beskik. Lesers wat geen agtergrond in psigologie het nie, sal dit egter soms moeilik vind om alles te verstaan – Grové maak byvoorbeeld melding van die limbiese sisteem, psigoanalise, projeksie, fiksasie, die onbewuste en ander. Die leserspektrum van hierdie werk is dus beperk.

Met behoud van die beperking op leserspektum, slaag Grové tog daarin om ’n populêre selfhelpboek daar te stel. Die tegnieke wat voorgestel word, is interessant en kreatief, dit is visueel aanskoulik aangebied en getuig van oorspronklikheid. Baie lesers sal kan identifiseer met die gevallestudies; derhalwe iets daarvan op hulle eie lewe van toepassing kan maak en kan baat vind daarby. As wetenskaplike werk sal die boek egter baie kritiek ontlok en moet dit dus nie as ’n “naslaanwerk” gebruik word nie.

# Europese oë wat kyk na die Afrika-landskap

**Schoeman, Karel, *red*.** 2003. **Early white travellers in the Transgariep 1819-1840.** Pretoria: Protea Book House. 181 p. Price: R99,95. ISBN: 1-96010-016-5.

**Resensent:** *Jacques van der Elst*
(Hoof: Internasionale Kantoor, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

’n Mens is dankbaar dat hierdie boek nog kan verskyn. Dit gaan om die sogenaamde “wit” verlede van Suid-Afrika en in sommige kringe sou dit seker as kolonialistiese lektuur beskou word. Die boek verskyn in die reeks “Vrystatia” waarvan die laaste uitgawe in 1992 onder die titel *The British presence in the Transoranje, 1845-1854* verskyn het. Daarna was dit onmoontlik om subsidie vir verdere uitgawes te verkry totdat Nicol Stassen van Pretoria Boekehuis hom bereid verklaar het om hierdie uitgawe en verdere titels in die reeks die lig te laat sien.

Die samesteller/versorger is niemand minder nie as Karel Schoeman, Afrikaans se voorste outeur/bibliograaf/navorser. In die voorwoord vermeld hy dat hy met die laaste twee uitgawes in die “Vrystatia”-reeks sy lewe as aktiewe navorser afsluit.

Die boek bevat boeiende verslae van reise in die gebied tussen die riviere wat nou bekend staan as die Vaal- en Oranjeriviere. Die landskap word aanvanklik verken deur jagters, gevolg deur sendelinge.

Een van die eerste verslae in 1819 kom van ene G.P.N. Coetsee wat saam met Stefanus Kruger en Casper Kruger ’n jagtog in die gebied oorkant die Gariep onderneem het. Die oogmerk was die skiet van elande en seekoeie. Eintlik was hierdie soort besoeke vanuit die Kaapkolonie deur die Britse owerheid verbied en teen 1825 moes die “oorgrensbesoekers” verklarings onderteken waarin hulle bevestig dat hulle hulle nie in die gebied anderkant die rivier sou vestig nie. Hulle mog ook nie met die bevolking anderkant die rivier onderhandel nie en hulle moes ook binne ’n sekere tydsbestek terug wees in die Kolonie.

Hierdie reël is vanuit Graaff-Reinet neergelê, maar kon waarskynlik nie effektief afgedwing word nie. Trouens, teen 1838 met die begin van die Groot Trek was die verbod klaarblyklik nie meer afdwingbaar nie. Met die toenemende "verkeer" oor die rivier is sekere voorposte ook in die Kaapkolonie gevestig. Vanuit nuwe plekke soos Philippolis en ook Colesberg is ook die eerste sendelingreise aangepak. Teen 1839 was daar al 13 sendingstasies in die gebied oorkant die rivier.

Die eerste verslag is dié van twee sendelinge van die Londense Bybelgenootskap, John Melvill en G.A. Kolbe, wat op 13 November 1828 uit Philippolis vertrek het. Op die reis het hulle byna van dors omgekom en moes hulle die wortels van 'n "Petersol boom" (Kiepersol) uitgrawe om by 'n bietjie vog uit te kom.

In hulle verslag spreek hulle hul besorgdheid uit oor die gedrag van die "Boors" wat hulleself verryk ten koste van die plaaslike bevolking oorkant die rivier:

> … yet what Christian can but sigh to see these poor people under such a load of oppression, while the haughty and unfeeling Farmer performs unchristian act according to his own selfish views in every part of the country where he feels inclined to wander (p. 39).

*Early white travellers in the Transgariep* bevat interessante waarnemings van mense wat met Europese oë na die Afrika-landskap kyk. Dit is 'n belangrike bydrae tot die geskiedenis van wat nou bekend staan as die Vrystaat. Baie van die verslae was aanvanklik geskryf in Nederlands. Deur die vertaling in Engels word die verhaal van die eerste vestiging van blankes in die Vrystaat en die "ontmoeting" met die inheemse bevolking en hulle leiers (onder andere Mosjesj) vir 'n breër publiek toeganklik gemaak. Dit is nie alleen 'n belangrike dokumentasie vir historici nie, maar ook interessante leesstof vir die gewone leser.